HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 1 - JANUARIE 2022

## MATRIEKUITSLAE 2021 - me. A. Francis

HOËRSKOOL STRAND SPOG GRAAG MET SY TOP PRESTEERDERS

98.4% slaagsyfer. 192 kandidate het die NSS-eksamen suksesvol afgelê.
12 leerders behaal 'n A-gemiddelde (6.3%)
28 leerders behaal 'n B-gemiddelde (14.6%)
59 leerders behaal 'n C-gemiddelde (30.7%)

189 kandidate verwerf toelating tot die Baccalaureus graad-, diploma – of hoër sertifikaatstudie (98.4%).

| | | |
|---|---|---|
| Baccalaureus graadstudies | 144 kandidate | (76.2%) |
| Diploma | 36 kandidate | (19.0%) |
| Hoër sertifikaatstudie | 9 kandidate | (4.8%) |

161 vakonderskeidings

Die volgende vakke het besonder goed presteer: Musiek 77.5%, Visuele Kuns 74.6%, Dramatiese Kunste 73.8%, Engels Huistaal 73.4% en Duits 72%.

Die volgende leerders behaal 'n A-gemiddeld:











| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Anjanka Olivier | 91.1% | 7 onderskeidings |
| 2. | CJ Smit | 87% | 7 onderskeidings |
| 3. | Derik Nortje | 86.5% | 7 onderskeidings |
| 4. | Ebert Wessels | 85% | 7 onderskeidings |
| 5. | Veronique de Lange | 84.2% | 7 onderskeidings |
| 6. | Herman Ras | 83.5% | 5 onderskeidings |
| 7. | Pétra van den Bergh | 82.8% | 7 onderskeidings |
| 8. | Marli Botha | 82.2% | 6 onderskeidings |
| 9. | Maryna Erasmus | 81% | 5 onderskeidings |
| 10. | Githe Theron | 80.8% | 3 onderskeidings |
| 11. | Lisa Westraat | 80.7% | 4 onderskeidings |
| 12. | Tara-Lyn Brinkworth | 80.3% | 4 onderskeidings |





CMS
CONSULTRIGHT
MANAGEMENT
SERVICES

Let us help you to create sustainable transactions which transcend B-BBEE compliance

OUR SERVICES INCLUDE:

B-BBEE Consulting & Advisory
Ownership Transactions
Training & Workshops

+27 (0)21 913 6284
info@consultr.co.za
newconsultr.co.za

Contact us for an obligation free quote today!

MSCT BEE SERVICES
Making Significant Changes Together

MSCT BEE Services is 100% Black Women Owned as well as a Level 1 B-BBEE contributor.

Our services include:
Accredited B-BBEE Verifications
B-BBEE Training and Awareness
Ownership Verification Services

Contact us for an obligation free quote today!

www.msctbee.com
email: bbbee@msctbee.co.za

T +27 (0)21 852 5646
F +27 (0)86 600 4965

# MUSIEKLEERDER PRESTEER - me. M van Wyk



Armin du Plessis (gr. 11B) het in November 2021 sy finale UNISA-musiekteorie-eksamen (gr. 5) suksesvol afgelê. Hy het 77% behaal.

# GRAAD 8-KUIKENS WORD IN DIE ARENDNES VERWELKOM

## - me. J. Louw

"Ek is 'n Kuiken, ek wens ek was 'n Arend, ek's lief vir my Matrieks. Yes! Yes! Yes!"

Dit is die tipe entoesiasme wat die kuikens van 2022 verlede week, met die graad 8-oriënteringsweek gewys het! Op Dinsdag, 18 Januarie, het die graad 8-leerders van Hoërskool Strand se week met 'n saalbyeenkoms afgeskop, waar hulle en hul ouers verwelkom is. Ouers het met trane in die oë hulle kinders gegroet en die onseker, maar opgewonde kuikens agtergelaat. Die kuikens het dadelik met die voorbereidings vir die immergewilde en tradisionele kuikenkonsert en kuikendans begin. Harde werk het vir hulle voorgelê! Konsertoefeninge, atletiekuitdunne, voorstellings van Hoërskool Strand se sport- en kultuurgeleenthede, basislyntoetse vir Wiskunde, Engels en Afrikaans, gesprekke met graadleiers en nog vele meer het die kuikens se eerste week by Hoërskool Strand ingekleur.

Saterdag was dit tyd vir die gebruiklike kuikenkonsert. Ouers en vriende uit ons gemeenskap het dit terdeë geniet om te sien waarmee die kuikens hulself vir die week besig gehou het. Die “mannekoor” het spesiale lof verdien.

Die graad 8-oriënteringsweek is op 'n hoë noot met die baadjie-seremonie afgesluit. Tydens hierdie geleentheid kon die graad 8’s wat die orënteringsweek en kuikentoets suksesvol afgelê het, vir die eerste keer hul skoolbaadjie aantrek. By dieselfde geleentheid het die matrieks van 2022 met hul nuwe matriektruie gespog.

"Ek is 'n kuiken en ek weet ek word 'n Arend." Welkom by die Arendfamilie, graad 8's! #Arendtrots

















paperjet
PRINT

Your local

DIGITAL PRINTING
SPECIALISTS

Messages can be any colour and the option be die-cut into any shape imaginable.

Signage • Marketing • Stickers • Labels • Licence disks
Floor Adhesive Vinyl • Window Display & Sandblast Vinyl

FOLLOW US
VISIT OUR WEBSITE
www.paperjetprint.co.za



# Sun View Blinds

BLINDS | BLINDINGS • AWNINGS | SONSKERMS

el: (021) 852 9963 Sel: 082 570 2170 E-pos: neels@sunviewblinds.co.za

Strand

**Hout & Aluminium Venesiese, Rol, Bamboes & Vertikale Blindings - Shutters**

**Ons spesialiseer in alle soorte Sonskerms**


Vouarm-Sonskerms



Shutters



Venesiese Houtblindings



www.sunviewblinds.co.za



ROLA TOYOTA

NEW
AGYA MT
WITH AUDIO



FROM
R2 299 PM

GFV | 48 MONTHS
NO DEPOSIT

T & C APPLY. VEHICLE MAY DIFFER FROM IMAGE.

WWW.ROLATOYA.CO.ZA
021 841 8600

ROLA TOYOTA SOMERSET WEST
276 MAIN RD, STRAND, CAPE TOWN





Flaméros
CHICKEN GRILL

# ARENDATLETIEK 2022

- me. C. Maré

In die afwesigheid van sportdeelname en -mededinging tydens die pandemie die afgelope twee jaar, vertel die eerste paar weke van 2022 se opgewondenheid en entoesiasme op die atletiekbaan en -veld, 'n pragtige storie. 'n Groot rede waarom atletiek so gewild is, is die feit dat ons soos ń groot familie is en dat almal vir mekaar belangrik is.

Hoërskool Strand het die jaar met 'n uitdunnedag afgeskop om nuwe talent te identifiseer. Dié snikhete dag is met hope positiewe energie deur alle leerders en personeel tegemoetgegaan. Atlete is na hierdie dag, na gelang van hul uitdunne, vir die onderskeie items in die geel-, groen-, blou- en rooispanne verdeel.

Op 24 Januarie 2022, is die kleure-atletiekbyeenkoms met ewe veel entoesiasme begroet. 'n Goeie spanpoging deur hardwerkende onderwysers, toegewyde atlete en geesdriftige toeskouers het tot die sukses van die dag bygedra. Die uitslae vertel 'n uitsonderlike verhaal van toewyding. Die skool salueer elke atleet en afrigter wat, ten spyte van ongewone omstandighede, steeds voluit werk om hulle doelwitte te bereik. Die lys van prestasies weerspieël die erns waarmee die atlete en afrigters die seisoen benader en die atlete se harde werk is met welverdiende goue, silwer en brons medaljes beloon.

Die Norman Hauzer-atletiekbyeenkoms is elke jaar 'n opwindende oefenlopie én voorloper vir die somerinterskole. Atlete het hulle goed van hul taak gekwyt. Leemtes is ook geïdentifiseer wat in die volgende drie weke, voor interskole, aangespreek sal word.

Hoërskool Strand wil baie graag weer atletiek laat herrys na die uitdagende inperkings. Daarvoor het ons leerders nodig wat bereid is om heeljaar te oefen en 'n positiewe houding jeens sport aan die dag te lê. Atletiek is altyd die voorloper vir 'n goeie sportjaar. Ouers word aangemoedig om hulle kinders ook te motiveer om betrokke te raak.

Baie dankie aan elke atleet en afrigter wat werk om hulle doelwit vir 2022 te bereik. Hoërskool Strand is trots op ons Arende en op al die harde werk en tyd wat elke atleet en afrigter insit om hoër, vinniger en verder te vlieg.





Tydens die kleure-atletiekbyeenkoms is die volgende prestasies behaal:

| | |
|---|---|
| Beste meisies junior veldatleet: | Amber-Lee Smit (gewigstoot) |
| Beste seuns junior veldatleet: | Christopher Els (hammergooi) |
| Beste meisies junior baanatleet: | Rulandi Boonzaaier (5 km stap) |
| Beste seuns junior baanatleet: | Llewellyn Hendricks (100 m hekkies) |
| Beste meisies senior veldatleet: | Caitlin Wyngaardt (gewigstoot) |
| Beste seuns senior veldatleet: | Christopher Smit (hammergooi) |
| Beste meisies senior baanatleet: | Atala van Coller (5 km stap) |
| Beste seuns senior baanatleet: | Jordan Wynne-Vaaltyn (110 m hekkies) |
| Junior Victrix Ludorum: | Amber-Lee Smit |
| Junior Victor Ludorum: | Llewellyn Hendricks |
| Senior Victrix Ludorum: | Caitlin Wyngaard |
| Senior Victor Ludorum: | Gino Cupido |





































# KRIEKET NA COVID

- mnr. A. Louw

Wat 'n heerlikheid dat daar weer krieket gespeel kan word. Iets wat al die jare as 'n vanselfsprekendheid beskou is.

Die jaar se krieket het teen Parel Vallei afgeskop. Alhoewel die eerste span, die o.15A's en o.14A's almal verloor het, was daar tog enkele hoogtepunte. Dylan Rogers het vir die eerste span 'n briljante 73 nie uit nie, aangeteken. Tyrone Nicholis het uitstekend geboul en 3 paaltjies vir 26 lopies ingeoes.

Die afgelope naweek het Hoërskool Strand teen Worcester Gimnasium kragte gemeet. Die eerste span het met 39 lopies verloor, maar baie goeie rekenskap van hulleself gegee. Hoëskool Strand se eerste span kon nog nooit teen die manne van Worcester wen nie, maar die afgelope naweek het hulle dit amper vermag.

Daandré Walker het, ten spyte van krampe in die warm weer, 'n uitstekende  57 lopies aangeteken. Boonop het hierdie begaafde speler wat lid van die Boland se o.16-span was, 2 paaltjies vir 26 lopie ingeoes. Hy is baie goed deur die kaptein van die eerste span, Chris Jurgens, wat 2 paaltjies vir 30 lopies platgetrek het, ondersteun.

Die o.15A-span het almal verras en die span van Worcester met 109 lopies geklop. Die manne van die Strand het 'n uitstekende 195 lopies aangeteken. Jordan Everts het 'n uitstekende 67 lopies van slegs 50 balle aangeteken. Worcester Gimnasium is daarna tot 86 lopies beperk. Cloete de Jager het uitstekend geboul en 3 paaltjies vir 33 lopies platgetrek. Hy is baie goed deur Morné Meyer, wat 3 paaltjies vir slegs 10 lopies platgetrek het, ondersteun.

Dit was die eerste keer sedert 2008 dat 'n span van Hoërskool Strand teen Worcester Gimnasium kon wen.

Mag daar nog vele hoogtepunte hierdie seisoen wees.



Die o.15-krieketspan se veldwerk was uitstekend in hulle wedstryd teen Worcester Gimnasium.



Daandré Walker se vegtersbeurt van 57 lopies sal nog lank onthou word.



Die eerste span is verheug oor hulle spanmaat, Dylan Rogers, se beurt van 73 lopies teen Parel Vallei.

# WARM WEER KEER NIE HOËRSKOOL STRAND SE ARENDE NIE!

- mnr. R. Nowers

Hoërskool Strand se toutrek-Arende het die afgelope Saterdag by die Westcliff Hoërskool van meet af hul vlerke gesprei en hul stem dik gemaak. Te midde van warm weerstoestande het 12 spanne die veld betree met heelwat nuwe trekkers wat vir die eerste keer die ervaring van 'n toutrekkompetisie kon meemaak.

Die nuwe toetreders tot hierdie opwindende spansport het waardevolle ervaring opgedoen en daar word baie van hulle in die nabye toekoms verwag. Tegniek, stamina en spanwerk het daartoe gelei dat al die meisiespanne hulself deeglik laat geld het. Dit was verfrissend om te kon sien hoe die nuwe meisietrekkers onder druk sowel as tydens suksesvolle "wen"-trekke gereageer het. Daar word baie van hierdie jong nuwelinge verwag. Die meer ervare meisietrekkers was voorwaar goeie mentors vir hierdie groep.

Die seunstrekkers het van meet af hul stem dik gemaak met veral die baie ligter 600 kg-span wat 'n verrassende algehele tweede plek tydens hierdie ligakompetisie behaal het. Die 560kg-span het 'n welverdiende derde plek in die klipharde 560 kg -gewigsgroep behaal. Die Arendspan wat die beste op die dag gevaar het, was beslis die 520 kg gemengde span (4 seuns en 4 meisies) wat getrou aan die Arendtradisie 'n eerste plek in hierdie afdeling behaal het. Al drie hierdie spanne het die beste gevaar van alle WP-spanne.

Hoërskool Strand is trots op wat hul tydens hierdie kompetisie vermag het. Waar hulle in die verlede net nog 'n skool/klub was, word hulle nou beslis as van die mees kompeterende skole beskou. Dit is voorwaar 'n veertjie in die hoed van die afrigters van Arend-toutrek!















jeb
assessment matters
master maths
Spring weg na 'n blinker toekoms!
DOEN WISKUNDE OF FISIESE WETENSKAPPE OOR
Studente kan hulle lesse, jaarpunt, eksamen-voorbereiding, en eksamens vir Wiskunde en/of Fisiese Wetenskappe by ons voltooi.
Kontak ons vandag en verander so jou toekoms!
Strand 071 365 0668
www.mastermaths.co.za


★★★★★
HIRSCH'S
BACK 2
VARSITY
Student essentials
scholar prices
Ends 20 February 2022
★★★★★
HIRSCH'S WE WILL SAVE YOU MONEY
HIRSCH'S SOMERSET WEST
7 Dynagel Road, Firgrove Rural · 021-001 1066
Shopping hours: Monday - Friday: 8:30am - 17:30pm
Saturday: 8:30am - 16:00pm · Sunday: 9:00am - 16:00pm
Allan & Richard Hirsch Shopkeepers
Hirschs.Homestore
060 688 4840
Hirschs_Homestores
0861 HIRSCH (447724)


VIP CARD
LAMININ PAINTS
EnviroSilk
HYGIENIC SHEEN
Beloon jou skool
wanneer jy jou Laminin VIP kaart gebruik
LAMININ PAINTS
021 851 0336

# ARENDE AFSLAANTOERNOOI

- me. L. Opperman

Die jaarlikse Arende Afslaantoernooi het op Saterdag, 29 Januarie, plaasgevind. Die toernooi was die ideale geleentheid om ons nuwe tennisbane in te wy.

Somerset College het in beide afdelings met die louere weggestap. Hoërskool Strand, Belville, Brackenfell, Montagu moes ongelukkig almal die knie buig, maar nie sonder 'n verbete stryd teen die opponente én die versengende hitte nie.



Aneldi Morkel, Izak Burger, Benneline Kruger, Christian de Jager, Emily Landman, Alex Smit, Michelle Pretorius en Paul Roos.





Mia Ter Haar, Karla van Jaarsveld, Marzelle Schreiber, Ané Ter Haar, Armand Lewies, Bernard van Staden, George Landman en Wian Johnson.

Hoërskool Strand spreek sy dank uit teenoor almal wat bygedra het om van hierdie geleentheid 'n groot sukses te maak

# MARTIN THERON SOOS `N VIS IN DIE WATER!



Martin Theron (12B) het verlede naweek aan nie minder nie as twéé swemkampioenskappe deelgeneem.

Hy het Saterdag aan die Western Cape Openwater Champs deelgeneem en 'n vierde plek in die die 3 km swemafdeling vir mans (16-30) behaal.

Sondag het Martin aan die CTA WC Level 2+ Champs deelgeneem.  Hy het aan 3 items deelgeneem en soos volg presteer:

100 m Vlinderslag - Goud (1ste Plek)

200 m Vryslag - Silwer (2de plek)

50 m Vryslag - Silwer (2de plek)

Voorwaar 'n puik prestasie.

# HOËRSKOOL STRAND SE BEMARKER LAAT WEER DIE FLUITJIE DIE PRAATWERK DOEN.



Hoërskool Strand se bemarker, me. Anso Kemp, het weer hierdie jaar as internasionale skeidsregter vir die Vierhoekige Netbalreeks diens gedoen. Die Proteas het in die alombekende Copperbox Arena in Londen teen spanne van Engeland, Australië en Nieu-Seeland kragte gemeet.

Hoërskool Strand spog graag met hierdie oudleerder én bemarker se uitsonderlike talente.

# FUEL-KUIKENPIEKNIEK

- me. E. Groenewald

Die FUEL-kuikenpiekniek vind jaarliks plaas met die doel om die nuwe graad agts 'n geleentheid te gee om mekaar beter te leer ken. Dit is 'n geleentheid waar leerders aangemoedig word om Woensdae, tydens eerste pouse, FUEL by te woon om die Naam van ons Here Jesus Christus te loof en prys en om saam in geloof te groei met die res van die leerders van Hoërskool Strand. FUEL se doelwit is om harte vir Jesus te wen en om Sy Naam in ons skool te verkondig.

Die piekniek is op baie kort kennisgewing bemark, daarom was die FUEL-bestuur onseker oor hoeveel kuikens bewus was van die byeenkoms, maar weer eens het die Here hul gebed verhoor. Oor die honderd graad agts het opgedaag, onseker oor wat op hulle wag, maar opgewonde om te sien wat gaan gebeur.

Na 'n kort verwelkoming deur een van FUEL se kringleiers is die kuikens in groepe op die veld verdeel ter voorbereiding vir die speletjies wat sou volg. Daar was veertien groepe wat teen mekaar meegeding het in 'n kort en snaakse speletjie wat die kuikens flou, maar met 'n goeie en ligte gemoed gelaat het. Drie wenspanne is aangewys en met 'n sjokolade beloon. Natuurlik was die verloorspanne nie te gelukkig hieroor nie, maar 'n teksvers uit die Bybel het die drie spanne wat laaste gekom het, gerusgestel – "So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste." (Matteus 20:16). Die laaste drie spanne het dus ook elkeen 'n sjokolade ontvang.

Kringleiers het saam met hulle kuikens gesing en die Here geloof en prys. Daar is onder die kuikens vir mekaar gebid. Daarna het een van die kringleiers die Evangelie met die kuikens gedeel. Almal het stil geraak en aandagtig geluister. Die verrigtinge is met piekniekkos en 'n gesellige saamkuier afgesluit.

Die jaartema vir FUEL is "God's not dead." Vrydag se kuikenbyeenkoms was 'n lewende bewys hiervan.

Uiteindelik het die piekniek gevolg. Kuikens het in vriendegroepe oor die veld versprei en hul piekniek saam geniet. Leerders wat alleen gekom het, is uitgenooi om by groepies aan te sluit. Kringleiers het die kuikens aangemoedig om gereeld FUEL-byeenkomste by te woon.

Ons wil dan ook graag die geleentheid gebruik om vir Zelda en Stephan van TREE (Transformation in the Education Environment) dankie te sê vir hul bydrae en betrokkenheid by FUEL.







